## Die gebruik van kaarte

Kaarte help jou om baie dinge van 'n area of 'n plek uit te vind.

Hierdie kaart wys die plaasgebied waar Nomakwezi woon, asook die klein dorpie daar naby waar sy skoolgaan.




### Aktiwiteit

Kyk na die kaart. Gebruik die sleutel om uit te vind waar alles op die kaart is. Praat oor hierdie vrae en skryf dan jou antwoorde neer.

1. Waarmee boer mense in hierdie omgewing?
2. Watter tipe paaie is daar in hierdie omgewing?
3. Wat wys die kleur blou op die kaart vir jou?
4. Hoeveel brûe is daar op die kaart?
5. In watter rigting vloei die rivier, dink jy? Hoekom?
6. Noem drie soorte geboue in die klein dorpie.